## 40 Days of HOPE – Daaglikse Bybellees

### Week 2:  Hoop is God te vertrou vir vandag*, hoe ek vandag leef is belangrik.*

**Sondag 28 Feb (dag 8)**

***Hebreërs 11:1*** *"Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van wat ons nie sien nie."*
*"This faith is the firm foundation under everything that makes life worth living. It is our handle on what we can't see."* (The Message)

**Maandag 1 Maart (dag 9)**

***Hebreërs 3:13-14*** *"Maar solank daar nog 'n vandag is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie.  Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue (hoop) waarmee ons begin het."*

**Dinsdag 2 Maart (dag 10)**

***Romeine 5:4-5*** *"Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."*

**Woensdag 3 Maart (dag 11)**

***Matteus 6:11*** *"Gee ons vandag ons daaglikse brood…"*

**Donderdag 4 Maart (dag 12)**

***Matteus 6:31-34*** *"Julle moet julle dus nie bekommer en vra: Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle Hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee. Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie."*

**Vrydag 5 Maart (dag 13)**

***Handelinge 1:11*** *"Waarom staan julle so na die hemel en kyk. Hierdie Jesus wat van julle na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het."*

**Saterdag 6 Maart (dag 14)**

***Psalm 95:7*** *"Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg. As julle maar vandag na Hom wou luister…"*